LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

26-09-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 33 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **REVUE 2016:**

- Kaartjies is beskikbaar teen R60 per sitplek, by Heléne Botha in die kantoor.
- Vertonings vind plaas vanaf Maandag, 17 Oktober tot Vrydag, 21 Oktober 2016.
- Vertonings begin stiptelik om 19:00.
- Leerders moet hul R150 inbetaal by die registeronderwysers voor 30 September 2016.

2 **SKAAK:**

- Geen skaakoefening hierdie week nie.
- Baie geluk aan ons drie liga skaakspanne wat Vrydag deelgeneem het aan die Gauteng Liga Finaal. Hulle het uitstekend gedoen en die volgende uitslae behaal: 0/9 - 7de; 0/11 - 4de; 0/13 - 5de. Ons is baie trots op elkeen van julle!

3 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**

Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

4 **KOOR**:

- Koorlede moet asb Donderdag, 29 September met hul koordrag skooltoe kom.
- Die Junior koor word eerste afgeneem en daarna die Seniorkoor.
- Pak asb jou skoolklere in om na die neem van die foto uit te trek.
- Seniorkoorlede moet asb jou koorromp en -hemp inhandig in jou kleresak met jou naam op.
- Seuns se dasse moet almal ingehandig word.
- Name word afgemerk.

5 **FOTOWEEK:**

Maandag	'26 September	Junior Individuele foto's
Dinsdag	'27 September	Senior Individuele foto's
		Boetie en sussie foto's
Woensdag	'28 September	Junior en Senior Klasfoto's
Donderdag	'29 September	Sport en Kultuur foto's

6 **ATLETIEK OEFENING IN DIE 4DE KWARTAAL:**

Baanitems - Oefening sal op 11 Oktober begin
Velditems - Oefening begin vanaf 17 Oktober
Hekkies - Al die leerders in Graad 3,4,5 en 6 (2017) - Daar sal elke Dinsdag, vanaf 12 September oefening vir julle wees by die Hoërskool se velde vanaf 16:00 - 17:00.

Vir enige navrae oor die oefeninge by die Hoërskool, kan julle vir Alida kontak, 0848122932.

7 **RAPPORTE EN SKOOL SLUIT:**

Leerders ontvang nie in hierdie kwartaal rapporte nie, maar wel aan die begin van die 4de kwartaal. Die onderwysdepartement moet eers ons puntestate goedkeur alvorens ons die rapporte mag druk. Die skool sluit Vrydag, 30 September 2016 om 10:00.

8 **SNOEPIE**:

Die snoepwinkel sal gesluit wees op Vrydag, 30 September. Let wel dat daar Pizza beskikbaar sal wees op Donderdag, 29 September. Daar is ook 'n winskopie vir dié week, Maandag tot Donderdag: 'n Klein pakkie Cheddarkoekies en 'n 330ml koeldrank @ R10!

9 **SKOOLGELDE**:

Die skoolrekeninge gaan, soos deur u aangedui, op 1 Oktober per e-pos gestuur word. Ouers wat rekeninge deur u kinders per hand ontvang, sal dit in die eerste week van die 4de kwartaal kry.

10 **ASSESSERING**:

Hierdie is 'n normale skool-onderrig-week. Leerders is reeds besig met van die 4de kwartaal se werk.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF